

12 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:8-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:15

Gee voluit – God se skatkamer raak nie leeg nie

Dis 'n teenstrydigheid om jouself 'n Christen te noem, maar terselfdertyd inhalig te wees. Christenskap impliseer vrygewigheid, want om aan armes te gee, beteken eintlik om God se liefdeswerk in jou met wederliefde te beantwoord. Elkeen wat ontvang het, moet ook bereid wees om uit te deel. 'n Dankoffer is altyd 'n blyk van dankbaarheid en nie iets wat onder dwang gegee word nie: elkeen moet gee soos sy hart vir hom voorskryf. Nie uit plig of onder druk of omdat ons dalk iets terug verag nie.

Die kollekte wat die Korintiërs vir die gelowiges in Judea ingesamel het, gaan nie net oor verligting van nood in Judea nie, maar dis ook 'n oefening in vrygewigheid. Hulle kry geleentheid om te gee, maar ook om God daarvoor te dank. Die gelowiges in Judea sal God ook prys oor die Korintiërs se gehoorsaamheid aan Hom. Hulle sal vir die Korintiërs bid en met vreugde aan hulle dink. So word daar aan God al die eer toegebring.

Hierdie twee uitnemende hoofstukke (2 Kor 8 en 9) oor die Christelike vrygewigheid behoort elke gelowige aan te spoor om blymoedig en voluit te gee. Ons hoef ook nooit bang te wees dat die skatkamer waaruit ons gee, uitgeput sal raak nie. Paulus verseker ons: “God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk” (vs 8). Wat 'n wonderlike gedagte: ons kan maar voluit gee, want ons kan nooit meer gee as wat God by magte is om vir ons te gee nie!

As Paulus dink aan al God se genade en goedheid – aan alles wat Hy aan ons gegee het in sy Seun, ons Here Jesus Christus, dan laat sy gewone welsprekendheid hom in die steek. Dan sê hy eenvoudig net dis onuitspreeklik (vs 15)!

Ons staan hier voor Kersfees, net soos Paulus, verleë met God se onbeskryflike genade as geskenk in ons hande en ons bely: alles wat ek is en het én alles wat ek bevoorreg is om te kan gee, is genade. Alles net genade!

Sing: Psalm 116:7, 10

Ds NG Laubscher (Emeritus)